## 'N ARBEIDSPROGRAM VIR NATAL

Met die koms van die blankes na Natal in die eerste helfte van die 19de eeu is die tirannieke- en uitdelgingsbeleid van die Zoeloe-opperhoofde in dié gebied finaal beëindig. Vreedsame naasbestaan, sekuriteit en voorspoed het weer na die gebied tussen die Tugela en die Umzimvubu teruggekeer. Uit die aard van die saak was Natal vir die Bantoe wat nog onder tirannieke bewind in die aangrensende gebiede gestaan het, 'n groot aantrekkingskrag. Vir die Boere was die vlugtelinge uit die aard van die saak 'n potensiële arbeidsbron, maar terselfdertyd het daar ook 'n groot gevaar in geskuil. Dit was van die grootste belang dat die Bantoe geleer sou moes word om hulle aan te pas by die idee van 'n vaste verblyfplek, en ook om arbeidsaam te wees. Ledigheid onder die Bantoe van Natal sou later een van die grootste gevare vir die voortbestaan van die blankes in Natal blyk te wees.

Ten opsigte van die lokasies wat vir die Bantoe uitgemeet is, was die gedagte dat hierdie lokasies die arbeidsbron vir die blankes moes wees. Die grond wat aan die Bantoe in die lokasies toegeken sou word, moes nie van só 'n omvang wees dat die Bantoe as landbouer dit as voldoende sou beskou en hy dit dan nie meer nodig sou ag om by die Boere op die plase te gaan werk soek nie. Nogtans het baie van die Bantoe hulle as plakkers buite die lokasies gevestig, ten einde meer grond tot hulle beskikking te hê.

Belastingheffing van regeringskant op die Bantoe het 'n redelike arbeidstoevoer tot gevolg gehad. Reeds in 1847 het graaf Grey, die Engelse koloniale sekretaris, gemeld dat indien die Bantoe nie belasting uit eie bronne kon betaal nie, hulle aangesê moes word om met die aanlê van paaie in Natal te help. „Pleas of inability to pay what was demanded," verklaar hy, „would then be met by the offer of work which should as far as possible be paid by the piece." In dieselfde skrywe meld hy dat vele koloniste gewillige arbeiders ook op hulle plase sal verwelkom.[1] Die hoop is egter algemeen gekoester dat die skaarste aan grond en die belastingheffing tot bestendige arbeidsvoorsiening sou lei. Dit alles hoop hulle sou tot gevolg hê „a more favourable field for the enterprise of Europeans."[2] Verder is aangevoer dat die Bantoe-arbeid nie alleen vir die ontwikkeling van dié kolonie van waarde sou wees nie, maar ook vir die Bantoe self, veral aangesien die voorbeeld en leiding wat hulle van die blankes sou kry, vir baie die enigste vorm van onderwys sou wees wat hulle ooit sou kry.

Die graad van beskawing wat hulle sou ontwikkel, sou in alle opsigte bepaal word deur hulle bereidwilligheid om te werk. Die gedagte is uitgespreek dat elke plaas 'n industriële opleidingsentrum vir die Bantoe

1. S.N.A. 1/1/1, Nr. 46: Grey aan Smith, 11 Desember 1847. Vgl. ook S.N.A. 1/1/1, Nr. 36: Grey aan Smith, 30 November 1849.
2. Vgl. Wolfson, F.: *Some aspects of native administration in Natal under Theophilus Shepstone, . . . .* , p. 61.

kon wees. Terselfdertyd sal dit dan onderrig wees wat geen finansiële verpligtinge op die staat sou plaas nie.

Ten einde die ekonomie van Natal sterk te maak, sou dié kolonie 'n sterk blanke bevolking moet hê. Vir die vestiging en die uitbou van die ekonomie, sou daar sterk op nie-blanke arbeid gesteun moes word. Die totale aantal blanke immigrante wat Natal tussen Januarie 1849 en Junie 1852 binnegekom het, was byna 5,000.[3] Die meeste van die immigrante was Engelse, maar daar was ook 'n klompie Skotte en 'n paar Iere. 'n Immigrasie-raad wat deur die regering gesubsideer is, is in die lewe geroep. Hierdie Raad het genomineerde persone onder staatsubsidie tot 1869 na Natal gebring. Op hiérdie wyse en andersins het die blanke bevolking van Natal geleidelik toegeneem van net meer as 8,000 in 1857 tot 12,538 in 1861 en 17,821 in 1869. Van hierdie getal was net minder as die helfte om en by Pietermaritzburg en Durban gekonsentreer.

As gevolg van 'n beperkte blanke bevolking en talle geografiese struikelblokke, was die ontwikkeling van die landsekonomie maar geleidelik. Veral twee faktore het Natal van die buitewêreld geïsoleer: die afwesigheid van 'n geskikte hawe en die afwesigheid van binnelandse spoorverbindings. Die minerale- en landbou-moontlikhede van Natal is vroeg reeds as belowend beskou. In die noorde was daar die moontlikheid van ryk steenkoolneerslae, maar die ontginning daarvan moes gelaat word totdat die spoorlyn wat daardie geweste met die kus sou verbind, 'n werklikheid sou wees. Slegs 'n baie klein persentasie het geglo dat Natal se rykdom in sy besonder vrugbare landbougrond gelê het.

Die ontwikkeling van die suikerbedryf het 'n groter vraag na arbeid tot gevolg gehad. Dié bedryf het 'n spesiale tipe van arbeid geverg. Om die geoeste suikerriet te verwerk, moes 'n groot persentasie van die arbeid semi-geskool wees. In Natal was daar in die vyftigerjare van die vorige eeu juis nie sulke betroubare arbeiders beskikbaar nie. In hierdie verband het die *Natal Mercury* by geleentheid berig dat „the great enterprises now in course of rapid development on the coast lands must, ere long, receive a sudden and ruinous check, unless, by some means or other, the labour market can be placed on a sounder footing".[4]

Volgens blanke standaarde was die Bantoe-mans uiters lui en gemaksugtig. Die Bantoes het hulle stukkies grond bewerk ten einde in hulle onmiddellike behoeftes te voorsien. Self het hulle nie groot en uitgestrekte grondgebied verlang nie, aangesien hulle nie meer wou produseer as wat hulle vir persoonlike gebruik nodig gehad het nie. By hulle was nie 'n jag na wins of 'n poging om vir die toekoms voorsiening te maak nie. Terwyl die vrouens op die lande gewerk het, het die mans gejag of aan stamoorloë deelgeneem. Hierdie arbeidsverdeling was vir graaf

3. Brookes, E. H. and Webb, C. de B.: *A History of Natal*, p. 65. Hattersley het dié getal op 4,806 gestel. Vgl. Hattersley, A. F.: *The British Settlement of Natal*, p. 315.
4. *The Natal Mercury*, 14 Januarie 1858.

Grey onwelvoeglik en terselfdertyd ook ondoeltreffend. Hy het voorgestel dat die vrouens liefs geleer moes word om tuisarbeid te verrig en sodoende die harde werk op die lande dan te staak. 'n Korrespondent het hom by geleentheid in die *Natal Mercury* oor hierdie aangeleentheid sterk uitgespreek. Hy meld onder andere dat „it is plain that the labour of the male native population will never be adequately available until this abominable system of womanselling and domestic female slavery is abolished".[5]

As die stadige tempo van die Bantoe se leefwyse en ook hulle besondere maatstaf van rykdom in gedagte gehou word, is dit te verstaan waarom die Bantoe nie so entoesiasties was om by die blanke in diens te tree nie. Die blankes het van die Bantoe arbeidsaamheid in die somer sowel as in die winter verwag. Die feit dat die Bantoe-arbeiders net vir 'n kort periode in die jaar gewerk het, het die tekort aan arbeiders nog meer vergroot, asook 'n tydelike en onbetroubare arbeidsvoorsiening. „. . . crops were actually left to shake upon the ground for want of reapers", verklaar Joseph Byrne, immigrasie-agent, by geleentheid, „owing to the refusal of the Kaffirs to take service for a longer term than one month and the consequent precariousness of labour".[6] Verder was daar die verwagting dat die Bantoe 'n byna totale re-oriëntasie van hulle leefwyse en gewoontes sou moes aanvaar. Die Bantoe se leefwyse en gewoontes was vir die koloniste immoreel — hulle het hulle tyd in die son lê en verspil en geensins vir die dag van more voorsiening gemaak nie. Hierdie tipe van leefwyse het die koloniste irriterend gevind en daartoe aanleiding gegee dat die mening uitgespreek is dat „not 1% go out to service", terwyl hulle, die koloniste, hard moes werk om die verpligte erfpag en oordragte te betaal. Die redakteur van die *Natal Witness* het hom later sterk uitgelaat teen die Natalse regering se arbeidsbeleid. Die standpunt wat hy ingeneem het, is dat „we have labour but it is inoperative" en verder dat „until natives are taxed we shall have no labour".[7]

Die gedagte dat die Bantoe deur grondvermindering en die heffing van belasting tot arbeid gedwing moet word, het later sterk na vore getree. Tog het Theophilus Shepstone, die diplomatieke agent vir die Natalse Bantoe, hom veral sterk teen die vermindering van die Bantoe se grond in die lokasies uitgespreek. Vir hom sou dit net die teenoorgestelde uitwerking tot gevolg hê. „To resume tract after tract of these lands," skryf hy, „for the purpose of forcing the natives into a narrow and inconvenient cumpass, will cause the constant irritation by the process, and more to make them robbers and banditti than willing labourers".[8]

Verskeie kere is aangevoer dat Shepstone nie by die koloniste onpopulêr was nie, juis omdat hy dit met hulle eens was in hulle strewe

5. Ibid., 12 Mei 1859.
6. *The Natal Times*, 10 Oktober 1851. Vgl. ook die heer Rae se opinie in die *Times*, 17 Oktober 1851.
7. Vgl. Dreyer, M. E.: *The Establishment of Locations in Natal, 1846—1852*, p. 24.
8. S.N.A. 1/8/1: Shepstone aan Waarn, Kol. Sekr., 9 Desember 1851.

na goedkoop arbeid. Die onmisbaarheid van die nie-blanke se arbeidskrag vir die ontwikkeling van die landbou en die ekonomie van Natal, het Shepstone maar te goed besef. Van die Bantoe het hy vrywillige arbeid verwag. Hy het ook sterk daarop aangedring dat arbeid aan die hand van geskrewe ooreenkomste tussen werkgewer en werknemer gekontroleer moet word. Shepstone was 'n baie sterk voorstander daarvan dat die Bantoe belas moet word, maar sy motief hiertoe was nie om die Bantoe te dwing om hulle arbeid tot die beskikking van die koloniste te stel nie. Hy het herhaaldelik belastingheffing bepleit ten einde staatsuitgawes ten opsigte van Bantoe-administrasie te bestry.[9]

Die gedagte om arbeiders vir Natal van buite af in te voer, het teen die middel van die agtiende eeu sterk begin posvat. Vir 'n geruime tyd het Natal reeds arbeiders uit die omgewing, selfs so ver as noord van Delagoabaai, getrek. „It is a necessity that induces those from a distance to travel hundreds of miles in search of employment," meld Shepstone in hierdie verband, „for which they received wages, they want cattle or blankets, as the case may be, and they find that the surest way of supplying this want is to work".[10]

In 1851 is daar op 'n openbare vergadering in Durban die gedagte ten gunste van die „introduction of free coloured labour" uitgespreek.[11] Ofskoon nege jaar sou verloop alvorens hierdie wens vervul is, het dié gedagte langs die Natalse kus versprei en geleidelik die steun van daardie suikerboere en katoenplanters gekry wat daarvan oortuig was dat plaaslike arbeid onvoldoende en ongeskoold is en sal bly. Die gedagte is ook deur die Durbanse handelaars gesteun, wat gemeen het dat só 'n immigrasie van arbeiders moontlik 'n stimulant vir hulle eie handel kon wees. Eerwaarde W. Holden, Wesleyaanse sendeling in Natal, het reeds 'n jaar tevore die moontlikheid van ingevoerde arbeiders sterk veroordeel. Die gedagte „of importing Coolies from India or China", verwerp hy geheel en al. Só 'n skema sê hy sou tot gevolg hê dat „over 100,000 Kaffirs (will be handed over) to irreclaimable heathenism and barbarism, until they shall be annihilated before the face of the white man, or driven back into the depths of the interior, or only a few scattered fragments of them to be left remaining".[12]

Die vlugtige besoek van sir George Grey, Kaapse goewerneur en Britse Hoë Kommissaris vir Suidelike Afrika, aan Natal in 1855, het betekenis gegee aan die poging om arbeiders buite die Natalse grens te werf. Nadat hy verskeie suikerplantasies besoek het, het hy hom ten gunste van ingevoerde arbeiders uitgespreek. Hy het aan Indiërs voorkeur gegee, omdat hy geglo het dat „advantages of a political, social and industrial kind . . . would flow from the introduction of this class of labourers".[13] Kort na sy terugkeer in die Kaap het Grey 'n entoesiastiese

9. S.N.A. 1/8/1: Shepstone aan Moodie, 6 April 1846, p. 23.
10. S.N.A. 1/1/5: p. 20.
11. *Durban Observer*, 17 Oktober 1851.
12. Holden, W.: *History of the Colony of Natal*, p. 178.
13. *The Natal Mercury*, 25 Julie 1855.

skrywe aan John Russell, die Engelse koloniale sekretaris, in hierdie verband gerig. Hy skets Natal se groot moontlikhede om te ontwikkel in „a great sugar, cotton and coffee producing country", mits die geskikte arbeid verkry kon word. Terselfdertyd voer hy aan dat die mees geskikte arbeiders uit Indië ingevoer kan word. Hy is ook van opinie dat die Indiërs 'n positiewe invloed op die Bantoe sal hê, veral ten opsigte van die voorbeeld wat hulle sal stel in hulle arbeidsvoorsiening.[14] Grey se pleidooi het vrugte afgewerp.

Met Downingstraat 10 se goedkeuring het luitenant-goewerneur Scott vir W. M. Collins, die posmeester-generaal van Natal, na Indië gestuur as spesiale agent met uiteenlopende magte. Collins sou finaal vorm moes gee aan hierdie beoogde emigrasie na Natal. Hy moes toesien dat die duisend Indiërs wat onmiddellik benodig word, onder kontrak per boot na Natal vervoer sou word. Finale bekragtiging in Indië het sake nog laat sloer totdat die Indiese Wet Nr. XXIII van 1860 finaal emigrasie na Natal gemagtig het.

Hierdie wetgewing was die produk van 'n lang en moeisame stryd in Natal om voldoende arbeiders vir die suikerboere, die verbouers van pylwortel, katoen en koffie te kry. Natal sou inderdaad die permanente tuiste van 'n Indiërbevolking word.[15] Scott self het die hele skema as 'n eksperiment beskou. Hy was daarvan oortuig dat hierdie Koelies binne afsienbare tyd deur Bantoe-arbeiders vervang sou word.

Die *Natal Star* was baie sterk teen die invoer van Koelies gekant. Hulle was van opinie dat in plaas van arbeiders in te voer, die regering meer positief te werk moes gegaan het met die arbeiders wat wel in Natal beskikbaar was in daardie tyd.[16] Daniel Lindley, een van die leidende Amerikaanse sendelinge in Natal, het uit dieselfde mond gepraat. „With constant overseeing they work tolerably well," skryf hy in Desember 1864, „but they are a bad set, very bad. I look on these Indians as a growing cloud on our social horizon . . . Really the Kafir is a genial, hopeful, respectable man beside the other".[17]

Ten spyte van al die pogings van die kant van die koloniste sowel as die regering om die arbeidsprobleem op te los, het die arbeidstekort steeds voortgeduur. Een rede hiervoor was natuurlik die ontwikkelende industrieë van dié kolonie wat steeds meer arbeiders geverg het.[18] Die openbare werke wat deur die regering onderneem is, het in omvang toegeneem en die feit dat regeringsprojekte voorkeur moes geniet ten opsigte van arbeidsvoorsiening, het die arbeidsbron vir die koloniste verder

14. G. H. Vol. 16: Grey aan Russel, 17 Nov. 1855. Soos aangehaal deur Thompson L. M.: *Indian Immigration into Natal, 1860—1872*, p. 10.
15. Smith, E. W.: *The Life and Times of Daniel Lindley, 1801—1880*, p. 378.
16. *The Natal Star*, 3 Maart 1860.
17. Smith, E. W.: op. cit., p. 378.
18. In 1859 is bepaal dat omtrent 1% van die totale Bantoebevolking permanent in diens was. Vgl. 'n toespraak van Scott in die Wetgewende Vergadering. Vgl. in hierdie verband Wolfson, F.: op. cit., p. 70.

laat krimp.[19] Verder het die diamantvelde by Kimberley terselfdertyd ook groot getalle Bantoe getrek.

Presies wat was vir hierdie arbeidsprobleem wat met verloop van tyd in Natal ontwikkel het, verantwoordelik? Watter negatiewe faktor was hier 'n bepalende faktor? Natal se geskiedenis verskaf gedeeltelik hierop 'n antwoord. Toe Natal destyds deur Engeland geannekseer is, was die kwessie van 'n moontlike bufferstaat tussen Zoeloeland en die Kaapkolonie 'n sterk oorweging. Die gedagte was om in Natal onmiddellik met die „civilization and improvement of the inhabitants of this part of Africa", te begin.[20] Natal sou in der waarheid 'n gebied vir die Bantoe wees.[21] Hierdie benadering is deur verskeie Sekretarisse vir Kolonies se beleidsrigtings weerspieël, asook die Natalse Oktrooi van 1856.

Thompson hou Shepstone se Bantoebeleid, wat in wese grondig van dié van sir George Grey in die Kaapkolonie verskil het, vir die arbeidstekort in Natal verantwoordelik. Baie van Natal se Bantoe is toegelaat om hulle tradisionele ekonomie in die lokasies voort te sit. Pogings soos die hutbelasting en *lobola* het die Bantoe nie gedwing om werk te soek nie. Die Bantoe was as arbeider besonder teleurstellend. Ofskoon hulle fisies sterk en intelligent genoeg was om die arbeid wat van hulle verwag word na 'n redelike tydperk van oefening te verrig, het hulle nogtans onervare gebly. Hierdie toedrag van sake kan veral toegeskryf word aan die verskynsel waar daar „by long traditional usage the male Kafirs are . . . exempt from toil", omdat die vrouens die werk op die lande verrig het.[22] As arbeider was die Bantoe ook nog onbetroubaar. Dit was 'n onbetroubaarheid wat gespruit het uit onkunde ten opsigte van die nakom van 'n kontrak. Vir die Bantoe was dit eenvoudig onmoontlik om hom aan 'n kontrak te hou. Dit was vir hom iets nuuts en heeltemal vreemd om aan te hou met werk selfs nadat hy genoeg gehad het om in sy onmiddellike behoeftes te voorsien. Geen wonder dan ook dat die Bantoe-arbeider eenvoudig net verdwyn het op dié stadium wanneer hy daarvan oortuig was dat hy genoeg gewerk gehad het tot op daardie stadium.[23]

Shepstone het die arbeidstekort in Natal wel deeglik besef, maar hy was daarvan oortuig dat die arbeid van die Bantoe nie gedwonge moes wees nie. Hy het die gedagte van 'n eie ekonomie vir die Bantoe sterk gesteun. Vandaar sy oortuiging dat die Bantoe eerder self ook produsente was as bloot net arbeiders. G. R. Peppercorne, magistraat vir die Bantoe in die Impafana-lokasie, het hierdie mening van Shepstone gedeel toe hy

19. S.N.A. 1/1/15, Nr. 88: Konsep-memorandum van Shepstone, 14 Febr. 1865.
20. Hattersley, A. F.: *More Annals of Natal*, pp. 181—2.
21. Brookes, E. H.: *The History of Native Policy in South Africa*, pp. 22—5. Vgl. ook Hattersley, A. F.: op. cit., pp. 181—2
22. G. H. Vol. 200: Cooper aan Sekretaris vir Kolonies, 26 Jan. 1856. Soos aangehaal deur Thompson, L. M.: op. cit., p. 6. Vgl. ook *Natal Mercury*, 12 Mei.
23. Brookes, E. H.: op. cit., pp. 26—7.

by geleentheid verklaar het dat „the Kaffirs, properly considered, and duly treated form the only real peasantry of South Africa".[24]

Dit was waarskynlik met voorafgaande in gedagte dat Shepstone die standpunt ingeneem het dat Natal sy arbeid vanuit ander bronne buite sy grense moet kry. In 1856 was hy van opinie dat indien die Bantoe net bloot as arbeiders aangesien sou word, 'n botsing tussen die twee rasse onvermydelik sou wees. „The means which afford most reasonable hope of success in averting or modifying such a contigency," skryf hy, „and in securing for the native population the toleration and even respect of their white fellow subjects is to induce them to raise from the soil some exportable and permanently marketable product".[25] Katoen sou vir hulle die mees geskikte wees om te verbou, en ter aanvulling om die Bantoe onafhanklik van die blanke te maak, sou hulle ook ingelei word tot 'n geldekonomie en sou hulle terselfdertyd ook in hulle beskawingsontwikkeling aangehelp word.[26] As gevolg van die onpraktiese inslag van hiérdie skema, is daar nie veel aandag daaraan gegee nie. Shepstone het waarskynlik nie in gedagte gehou dat sommige Bantoe in gebiede gewoon het wat geensins geskik was vir landbou van watter aard ook al nie. Die vernaamste landbouproduk vir hulle was voedsel en geen produkte vir die mark is verbou nie.[27] Vir die koloniste was die Bantoe in werklikheid die enigste arbeiders en eersgenoemde sou nie maklik hierdie voordeel buite hulle bereik laat gly nie.

Vir industriële opleiding het die Bantoe min geleentheid gehad. Geskoolde arbeid is in die algemeen deur die blanke gedoen, en geleidelik het die verskynsel tevoorskyn getree dat geskoolde arbeid deur blankes verrig word en ongeskoolde arbeid deur nie-blankes.[28]

Dit was eerder die onbetroubaarheid van die Bantoe as arbeider en nie 'n arbeidstekort in Natal nie, wat hier die groot struikelblok was. Soos reeds vroeër daarop gewys, was arbeiders volop, maar die Bantoe kon as uitvloeisel van sy tradisies en gewoontes hom nie neerlê by die gedissiplineerde arbeid wat die blanke van hom verwag het nie. Vir Shepstone het gedwonge arbeid 'n groot gevaar ingehou, veral aangesien dit die Bantoe onder 'n verpligting sou plaas wat hy nie wou en kon nakom nie. So 'n toestand sou tot frustrasie kon lei, wat rampspoedige gevolge kon hê. Dat die Bantoe beslis fisies sterk genoeg en ook intelli-

24. *Native Commission,* Deel IV, G. R. Peppercorne, p. 7.
25. *The Natal Times.* Toespraak van Shepstone in die Wetgewende Vergadering, 22 Augustus 1856. Vgl. ook S.N.A. 1/1/6, Nr. 116: Memorandum van Shepstone, 11 Mei 1856.
26. S.N.A. 1/1/6, Nr. 116: Memorandum van Shepstone, 11 Mei 1856.
27. Die vernaamste produk wat die Bantoe verbou het, was mielies. In 1869 skryf Shepstone: „We know that the Natives depend mainly on the produce of their cultivation to pay these (hut) taxes." Vgl. S.N.A. 1/8/3: Shepstone aan Binns, 2 April 1869.
28. Die Wetgewende Vergadering het by geleentheid gerapporteer: „All the skilled mechanical work of the Colony is done by white labour. Under the past and present system of administration no Native skilled mechanics or artizans have been produced."

gent genoeg was vir konstruktiewe en produktiewe arbeid, blyk duidelik uit die rapport van die Kommissie van 1885: „ . . . throughout the Colony the Kafir is preferred to the Indian, as a labourer, in all respects save one, his dislike to remain in service for a long period".[29]

Die arbeidsprobleem was een van die Natalse regering se grootste probleme. Dit was 'n probleem waarvoor daar nie maklik 'n oplossing gekry kon word nie. Reeds vroeg was dit duidelik dat die grootste struikelblok die Bantoe, wat die grootste arbeidskrag was, se tradisionele leefwyse was. Indien die Bantoe by die landsekonomie ingeskakel sou kon word, sou dit 'n sleutel kon bied tot die oplossing van die probleem. Dit het egter 'n probleem blyk te wees wat nie oornag opgelos sou kon word nie.

Dr. O. Geyser.

29. N. en I.B.B., Vol. 66: Rapport van die Kommissie van 1885. Hoofstuk 44. Aangehaal deur Thompson, L. M.: op. cit., p. 8.